

DIE SEWE DOODSONDES

'n moraliteit

Henni Aucamp

INHOUDSOPGAAF

P.

Wooraf

Die Sewe Doodsondes

1. ~~Inle~~ Ouverture en inleiding
2. Die eerste sonde: Ydelheid
Versverhaal: Bolla wou sy dra
Jemamusiek: Spieëltjie, spieëltjie
[aan die wand
3. Brug tussen Ydelheid en Hebsug
4. Die tweede sonde: Hebsug
Versverhaal: Hebban olla vogela
Jemamusiek: Geld is ook nie alles
5. Brug tussen Hebsug en Wellus
6. Die derde sonde: Wellus
Jemamusiek: Die Hartstog Boulevard
Versverhaal: Tafelgebed: Voor overdaad
[mij hoeden
7. Brug tussen Wellus en Woede
8. Die vierde sonde: Woede
Jemamusiek: Woede is 'n tronkvoël
9. Versverhaal: In die mens'n welbehal

10 Brug tussen Woede en Vraatsug

11. Die vyfde sonde: Vraatsug

Versverhaal: Die aanval

Temamusiek: Die horing van oorbloed

12 Brug tussen Vraatsug en Afguns

13 Die sesde sonde: Afguns

Versverhaal: Die balk in eie oog

Temamusiek: Die Afguns Tango

14 Brug tussen Afguns en Traagheid

15 Die sewende sonde: Traagheid

Temamusiek: Die Sloerebond Song

Versverhaal: Die geval Johanna

16 Die agte sonde?

Inleiding

Versverhaal: Salig op weg

Marsiel
Temamusiek: Moet nie na sonde soek nie

Gula (Vraatsug)

Wrath (Woede)
Avaritia (Heb-sug)

Lewe (reglarbeen)



- Superbia (Trots/Ydelheid)

- Luxuria (Wellus)

- Invidia (Afguns)

- Acedia (Traagheid)

Dood (linkerbeen)

Die afgedrukte voorbeeld is

[~~Die~~ ^{dit} in Suid-Duitse houtsnede uit die jaar 1414, en heet Die Wêreld, ~~is~~ ^{wat op} 'n personifikasie van die sewe doodsondes ^{neerkom} op die rugkant van die VERTELLER. Kan die tradisionele rugkant van 'n geraamte geteken word — ^{wit} ~~swart~~ op ^{swart} ~~wit~~. Die Wêreld ~~kan~~ ^{moet} staan op twee bene: 'n voëlfoot wat lewe heet; 'n slang-foot wat sy kake om lewe klem.

[Dood en Sonde as "vennote" kan verder deur doodskiste gesuggereer word. Sewe doodskiste, in 'n halfsirkel opgestel, hoër as speelvlak, kan die nisse wees waarin die Doodsondes verskyn, soms individueel, soms as 'n groep. Die kleur materiaal waarmee die kiste uitgevoer word, kan, ^{simbolies} aansluit by die sondes. Bv. pers (Hoogmoed/Ydelheid); goudgeel (Hebsug); vleespienk (Wellus); bloedrooi (Woede); kalle = bruin (Vraatsug); groen (Afguns); vuilgrys, met was- en kim- vlekke (Traagheid).

[Dit belangrik dat die sewe Doodsondes dwarsdeur die opvoering met gemak deur die gehoor geïdentifiseer ^{kan} word. Vir my lyk 'n mime-figuur ^{as aankondiger} na die ideale oplossing; hy kom strak en gestileerd op die verhoog, met 'n bord waarop die sonde wat ter sake is aangekondig word. Sy liggaamstaal kan nadruklike inspeel op elke sonde wat hy aankondig.

[Afbeeldings uit die veertiende eeu en later, maar selfs in die twintigste eeu, byvoorbeeld by 'n kunstenaar soos Otto Dix, laat sekere diere as sinoniem met ~~die~~ sewe Doodsondes sien. Die pou en Hoogmoed gaan meesal saam; die vark en Vraatsug; die bok en Wellus. Soms verskyn daar reptiliese en amfibiese gediertes saam met ^{sommige} ~~die~~ sewe Doodsondes, ^{skepnings} wat kennelik ^{die} opgefels van 'n kunstenaars-^{want} verbeelding was, ^{want} geen boek oor dierskunde bevestig die bestaan van hierdie monsters nie.

[In 'n opvoering van my moraliteitspel, Die Sewe Doodsondes, kan Kan. Suid-Afrikaanse diere betrek word. Dit sal goed pas by die boertige ^{gees van die} verhaale, en het die ^{voordeel} ~~voordeel~~ dat hulle selfverduidelikend is. Universele simbole soos die pou en die vark kan egter behou word.

[Die verband tussen 'n bepaalde sonde en 'n bepaalde dier kan by wyse van halfmaskers voorgestel word.

[Hier volg enkele suggesties vir halfmaskers: pou (Hoogmoed); hiëna/aasvoël (Hebzig); hante (Wellus); bul/buffel (Woede); vark (Vraatsug); kat/luiperd (Afguns); skilpad/nonnetjesuil (Traagheid).

[Nou is dit so dat die Sewe Doodsondes nie die lydingsgeskiedenis van Christus as tema het nie, maar dit gaan ook om passies — negatiewe, besoedelende passies. Hierdie passies kan by wyse van die hartsimbool voorgestel word. Traagheid se skoonheidsmasker (vol baste!) kan op haar gesig ~~in die hartvorm~~ ^{hartvormig} aangebring word. By Hebsug kan die hartsimbool op sy gabbuidel staan; by Wellus kan die hart-simbool in die buurt van die geslagsdele aangebring word; by Hoogmoed kan die hart met 'n "geen parkering"-teken verbind word, en so meer.

[~~_____~~ Ook moet ~~_____~~ die volgende by Woede genoem word — telkens word die selfdestruktiwe omtrent Woede in afbeeldings beklemtoon. Woede steek byvoorbeeld 'n dolk in eie hart, of eet selfs letterlik sy eie hart. Sou die uitdrukking "eating your heart out" dalk hier sy ontstaan hê?

[Ook die beligtingsmeester sou na ou afbeeldings van die Sewe Doodsondes kon kyk vir inspirasie. Voetligte — ^{met hul skynsel} ~~_____~~ wat van grondvlak opslaan en só iets sinistêre aan gesigte gee — sou die diaboliese aard van sonde kon beklemtoon.

[~~_____~~ ^{Wie} ~~_____~~ Die Sewe Doodsondes

5
opvoer, moet onthou dat die "preek" so nadruklike
"geïllustreer" moet word dat selfs 'n onletterde
publiek dit kan verstaan.

[En sy "illustrasies" kan gesien by alle eene
gaan: by die Middeleeue; by meesters
soos Jeroen Bosch, Holbein en Dürer, tot en
met die eertydse werk van Otto Dix, George Grosz en
Paul Cadmus.

O U V E R + I N . D O L

O U V E R T U R E E N I N L E I D I N G

[Wanneer die stuk begin, het die spelers reeds hul plek op die dansbaan ingeneem en wieg. hulle, soos wiere in water, in die skemerlig op die verhoog. Daar is vier pare. Die sewe Doodsondes het hul halfmasker. Die agste figuur is die "mistere-pakket": sy lyk engelagtig in haar lang wit rok en met haar lang hare wat los hang.

[Die orkes snoer al die tema-songs, ~~aan~~ ~~na~~ op die musiek van die agste sonde na.

[Die VERTELLER in sy sinistere kostuum (sien VOORAF) ~~en wit maskering~~ kom vanuit die saal, wandelstaf in die hand. Die wandelstaf loop uit op 'n doodshoof. Met elke tema tik hy op die skouer van die betrokke sonde. In lig val dan sterk op die sonde se gesig. Die musiek stol terwyl 'n sonde belig word.

[Na die slotakkoord verlaat die spelers die verhoog om hul gereed te kry vir die rolle wat hulle in ~~die~~ ~~reeds~~ stories oor doodsondes gaan speel.

[Die VERTELLER kom nader aan sy publiek. Die lig val van onder af op sy gesig terwyl hy

praat:

- [En nou gaan ons aan u verhaal
- [met sang en spraak en liggaamstaal
- [die sewe kardinale sondes
- [waarop ons lewenslot gegrond is.
- [Ons personae is allegories
- [maar word vermenslik deur hul stories.
- [Vir stories het ek my gewend
- [tot ou intriges, welbekend;

VERTELLER klap sy vingers. YDELHEID kom op met 'n handspieeltjie. Sy help die VERTELLER uit sy kostuum. ✓ Hy neem die spieeltjie by haar en herstel sy grimering terwyl hy verder gesels met die publiek. Hy herhaal die vorige Koepelot:

- [Vir stories het ek my gewend tot ou intriges, welbekend;
- [tot Boere-plots, swaar soos patats,
- [wat u gaan strem soos 'n karwats.

YDELHEID is al op pad om haar plek in haar doodkis in te neem. Wanneer ~~die~~ VERTELLER haar ongeduldig terugroep. Hy neem ~~die~~ die handspieël by haar af en kyk smagkend na sy spieëlbeeld. Gee spieël terug aan YDELHEID.

- [Die welbekende spreek didakties
- [veel sterker as Verfremdungsaksies.
- [Ons bied (trommelgeroffel) iets volks en los:
- ['n sewe sondes — potjiekos!

Hy haal, kennelik met pijn en moeite, sy masker af. Onder sy masker lyk sy gesig presies soos die masker: 'n wit gesig, 'n rooi mond, in die styl van Joel Grey in die film Cabaret. Sy masker en sy self is ondeelbaar een. Oorhandig masker aan YDELHEID wat dit, desperaat vir b'replek, om haar nek hang.

YDELHEID gaan staen soos 'n standbeeld in haar doodkiss-
nis. 'n Mime-figuur verskyn met sy bord: ~~anapp.staan~~ YDELHEID.

"Bolla wou hul dra" word ~~uitgespeel~~ ~~uitgespeel~~, waarop volg die
melancholiese lied, "Spieëltjie, spieëltjie aan die
wand".

DIE EERSTE SONDE : YDELHEID

Versverhaal : Bolla wou hul dra
~~Storie op rym~~
Temamusiek : Spieëltjie, spieëltjie aan die
wand

~~_____~~
~~_____~~
 Op die gedrae slot van "Spieëltjie, spieëltjie aan die
 wand" volg die ^{openings} ~~dreigende~~ akkoorde van
 "Geld is ook nie alles". HEBSUG op, besig om
 homself neuroties te betas: is al sy geld en
 sleutels nog daar? Hy loop koes-koes en kyk
 of iemand hom gewaar. Die VERTELLER hou hom
 skuil en sien hoe HEBSUG sy mees gewolde bruidel
 — die een wat oor sy lendene pas — oopmaak. In
 lig slaan uit die bruidel op. HEBSUG speel met sy
 munte, en raak in 'n beswyming. Later ruk
 hy spasties, asof hy in orgasme ewaar. VERTELLER
 tree uit ^{die} skaduwee en knipoog vir die gehoor voor=
 dat hy bakhand by HEBSUG bedel. HEBSUG rit
 sy bruidel vervaard toe en jaag die VERTELLER
 weg soos jy in hond sou wegjaag. Hy keers om=
 kyk-omkyk na sy nis. Inmiddels het die minnefiguur
 met sy bord verskyn: HEBSUG.

[Die verhaal "Hebban olla vogela" word nitespeel,
 waarop volg die besinningslied, "Geld is ook nie alles".

DIE TWEEDE SONDE : HEBSUG

Versverhaal : Hebban olla vogela
Temamusiek : Geld is ook nie alles

Die spelers het skielik die houdings van straat-
 prostitute, manlik en vroulik, ingeneem. Een pros-
 tituut, die een wat die seerowerbruid in "Die balk in eie oog"
 gaan speel, dra 'n swart oogklap. Die musiek van
 "Op die hartstogboulevard" begin pols. WELLUS kom
 aangeswark, opryglaarse aan haar voete. Haar uit-
 bundige borste (opvallend vals) is so te sê ontbloot.
 Sy loop op die een-vir-jou-een-vir-my-maniër en
 wink die VERTEUER met 'n uitlokkende glimlag
 nader. Sy plaas haar ~~voet~~ ^{haar skaen} een voet op die bankie
 en bedene dat die verteller ~~dit~~ moet kom vasryg.
 Terwyl hy letterlik aan haar voete kniel, in 'n nogal
 suggestiewe posisie, trek sy haar lang rok al hoe
 hoër op. Skielik laat val sy haar rok oor die
 VERTEUER se kop. Hy kniuf onder sy "tent" uit
 en begin onbedaarlik nies. Die genies hou eers
 op wanneer WELLUS in haar nis staan en die
 res van die spelers sing: "Op die Hartstog/Boulevard".
 Die lied - dit blyk veral uit die stotstropse - is 'n
 Konfrontasielied, en wie met hul eie seksuele drifte
 gekonfronteer word, is die toeskouers.

Na die lied kom, as tydelike verademing vir die
 kyker, die versverhaal, "Voor overdaad mij hoeden".

soos 'n werklose
 Die mimeffiguur staan ⁱⁿ tussen die prostitute, met
 'n bord voor hom waarop staan: WELLUS.

Haar voorkoms klop met geëlicheerde verwagtings.
 Sy het byvoorbeeld 'n karwats in haar hand;
 dra visnetkouse; is swaar gegrimeer. En dan
 dra sy nog haar halfmasker, soos vir 'n
 bal- of 'n Karnavalgeleentheid.

10

DIE DERDE SONDE: WELLS

8

Zemamusiek : Die Hartstog Boulevard

3

Versverhaal : Tafelgebed: Voor overdaad mij
hoeden

BRUG TUSSEN WELLS EN WOEDE

Enniddellik ná ~~die~~ laaste reël van die verskhaal, "voor over-
 daad mij ^{en sirenas} ~~hoedem~~?", word 'n oorverdowende
 slag ^{en sirenas} gehoor. Hierop volg die geluide van deure
 wat toegeslaan en stoele wat omgeskop word,
 ook glas wat breek. WOEDE storm op die
 verhoog en stamp die VERTELLER uit sy pad
 uit. Die VERTELLER ^(bevestig) koesven beduie klankloos
 vir die gehoor: "~~Woe~~ WOEDE!"

Die spelers oorrompel WOEDE en boei hom, hande
 en voete, aan sy kis. Met frustrasie hap WOEDE
 in sy eie hart wat halffpad by sy lyf rithang.
 Sy mond en bors is spoedig rooi van die
 bloed. Die spelers sing terwyl hulle na
 WOEDE wys: "Woede is 'n tronkvoël".

Op die lied volg die verhaal, "In die mens'n
 welbehae."

Die mimeffiguur loer beango om 'n hoek en wys, baie
 vlugtig, sy bod, waarop staan: WOEDE.

DIE VIERDE SONDE: WOEDE

Jemamusiek : Woede is 'n tronkvaël

Versverhaal : In die mens is welbehae

17
BRUG TUSSEN WOEDE EN VRAATSUG.

- [Mime-figuur op met bord wat sê: VRAATSUG.
- [VRAATSUG op, in die een hand die kastrol van die WOEDE-toneel, maar vol vla of iets wat oorgekook het; in die ander hand, aan die pote vasgehou, 'n gebraaide kalkoen. Hy loop kou-kou na sy nis, en breek winde op so ver hy loop, en poep as dit lyk na hae.
- [Die dekor vir die meditatiewe lied, "Die horing van oorvloed" is reeds opgestel: 'n tafel belaaie met ^{al die} kos wat in die lied genoem word.

DIE VYFDE SONDE: VRAATSUG

Versverhaal: Die aanval

Temamusiek: Die horing van oor=
vloed; 'n meditasie

BRUG TUSSEN ^{VRAATSUG} ~~WOEDE~~ EN AFGUNS

Twee dansers, 'n man en 'n vrou in flamenco-drag,
kom al twistend op die verhoog. Die volgende
spesuur-gesprek vind plaas:

H Y: Jy dans glad te slick
en sonder mistiek!

S Y En jy dans te chic
vir 'n nagklub-publik!

H Y Jy's onartistiek
en bra mankoliek!

S Y Joue vals estetiek
is benede kritiek!

Die VERTELLER kom tussenbeide. Die dansers gaan
staan op die agtergrond, hul rûe na mekaar
gekeer. Lig op mime-figuur met sy bord waarop
staan: AFGUNS. Die versverhaal, "Die balk in
die oog", word nou uitgespeel. ~~Ná die verhaal~~
dans die flamenco-dansers verbete in 'n poging
om mekaar die loef af te steek, ondertyl ~~Die~~
Afguns Tango" gesing word.

DIE SESDE SONDE : AFGUNS

Versverhaal : Die balk in die oog
Jemamusiek : Die Afguns Tango

[Die energievlak het kennelik gesak ná die vorige nummer. Die VERTELLER moet sy vingers klap vir die mime-aankondiger. Die mime-figuur, om Bybels te raak, sleep homself moeisam voort, soos 'n beseerde springaan. Hy lig sy bord half skuins, en gee die publiek skaars kans om te lees wat daarop staan: TRAGHEID. Van die medespelers moet die mime-speler van die verhoog af help. Intussen het TRAGHEID verskyn.

[TRAGHEID, swaer swanger, dra 'n kerspityjapon wat ophang oor haar boep. Sy het haarknullers in haar hare, en 'n skoonheidsmasker, wat haar na 'n nonnetjesmil laat lyk. Haar tone loer by haar hoereerige pantoffels uit.

Wanneer die lig op haar val, soek sy sigarette in haar sak. Wanneer sy dit kry, laat sy eers die pakkie bumhoutjies val, dan die pakkie sigarette. Sy skop alles uit haar pad uit en haar lippe vorm die woord "fok". Die orkes, ^{leier} maan haar dat sy haar invalsoomblik verpas het. "Sorry", beduie sy na die orkes se kant toe, maar haar "sorry" word gesmoor deur 'n verdere gasp. Die ander spelers raak ongeduldig en skree: "Trenselaar!" "Sloeriboud!" "Lazy Bones!" "Vryhotel!" en "Slet!" Niteindelik begin sy sing, maar by refreine begin sy gasp en stamel, asof sy aan narkolepsie ly.

Ná haar song volg die veroverhaal, "Die geval Johanna".

DIE SEWENDE SONDE : TRAGHEID

Temamusiek : Die Slaeriboud Song

Versverhaal : Die geval Johanna

DIE AGSTE SONDE ?

Inleiding

~~Verberheid~~: Salig op weg

Naspel

Temamusiek: Moet nie na sonde soek nie

Die VERTELLER kom tot dig teen sy publiek en voer 'n ietwat dubbelsinnige gesprek met die toneelgangers:

- [Hoor ek 'n goeie Christen brom:
- [" 'n Saak het tog sy andersom?
- [" Teenoor 'n Sonde moet daar Deug wees?
- [" Vir elke Droefheid moet daar Vreugd' wees?
- [" Teenoor die Duister moet daar Lig wees?
- [" Genade moet Konstant in sig wees? "

- [U het gelyk, ek gee dit toe —
- [maar showbiz is sy eie hoe.
- [Deug, byvoorbeeld, is so staties,
- [en op die planke — ondramaties.
- [Want Deug verloop so onklimakties;
- [is ondinamies, sonder aksies.

- ([Maar graag neem ons u siel in ag
- [en bied as toegif: storie ag.

- [Wie u as Christenmens bepaal
- [die sedeles van ons verhaal?

Die mimefiguur hou 'n [redacted] kennisgewingbord aan die publiek ^{voor}waarop bloot 'n vraagteken (?) staan.

Salig op weg

- [Sewe ou mannetjies, verknot en styf,
- [het desondanks nog iets om die lyf.
- [Hul wend hul skrede deur agterstrate
- [teen skemer reeds donker en gans verlate.
- [Hul kom van orals, elk op sy eie,
- [en stommel en glip oor matgrou keie.
- [Had jy, sonde-jagter, die sig van 'n vaël
- [en was jy toevallig ook filmies geskool
- [sou jy, uit jou hoogte, jou stom verbaas
- [dat mense soos bye en miere kan haas
- [deur strate en stegies, en soms oor 'n brug
- [met water benede wat klots en sug.
- [Die dwerge se skadu's skiet skerp vooruit,
- [val inkswart op mure en 'n stofvuil ruit.
- ['n Digteby-lens sal aan jou ^{kon} verklap
- ['n iets van die dwerge se "binneskap":
- [die eerste dwerg wil sy trots behou
- [← en dra, soos 'n vots, sy jas sonder mou;
- [die tweede ^{dwerg} ~~kon~~ klou vas aan sy belt
- [want binne is al sy juwele en geld;

[die derde dwerg is aan lager wal,
 [maar droom droom hy geil, en krap aan sy bal;

[die vierde dwerg skud sy vuiste en brom:
 ["Ek donder die skepsel wat naby my kom";

[die vyfde dwerg Kou eenstryk en troep
 [van wildsbraad en terte en lensiesoep;

die sesde dwerg word deur sterre bewaar:
 sy ringe lyk skielik banaal en onwaar;

die sewende dwerg gaan sit met 'n sug:
 "Maet ek nog vannag met dieselfde pad terug?"

[Die dwerg kom saam in 'n steeg in 'n wyk
 wat selfs in die dag na verdoemenis lyk;

[Klop aan by 'n poort, antiek besnee:
 [h pakhuis wat diens doen as ateljee.

[En hier, onder ligte, voor filmmeuse

[word skote geskiet vir: Sneeuwit; haar wense.

[Reklamejoggies kom verby met plakkaat waarop
"Sneeuwitjie en die sewe dwerge" geadverteer word. SNEEUWIT-
WITJIE self verskyn in die middelste doodkis, nou
Spierwit uitgevoer. Sy is die langhaar-meisie in wit
van die OVERTURE, maar het intussen ballon grootborste
bygedry, en sy knipper haar swaar wimpers soos
'n slaakpop. Terwyl sy haar been verleidelik deur 'n
spleet ~~in~~ in haar engelekleed steek, sing sy met 'n klein-
dogtertjie - stem:

- 27
- [My glimlag blo die soetste
 - [waarom 'n vrou beskik:
 - ["Ek het 'n potjie heuning
 - [geborge in my mik.

Die VERTELLER ontvang van een van sy medespeleers 'n fluitglas sjampanje. Die sjampanje kan op die verhoog oopgemaak word, mits die erotiek van die proses ten volle benut word. VERTELLER lig sy fluitglas en stel 'n heildronk in op SNEEUWITJIE, maar met 'n knipooq na die publiek:

[So Snowwhite is an angel, dears —
 [ons drink op haar: "Lagaim!" en "Tjeers!"

[Na hy sy glas geledig het, spreek die VERTELLER sy slotwoorde:

[Ek laat 'n sluier oor die res
 [en eindig met 'n redeles:

[Moet nie die agste sonde soek nie:
 [hy staan in geen brevier of boek nie.

[Die orkes het intussen die slotnummer, "Moet nie na sonde soek nie", begin speel, maar gedemp, sodat die VERTELLER sy spelers aan die gehoor bekend kan stel. Soos spelers vorentoe kom, lê hulle hul halfmaskers en dwergkostuums af. Uiteindelik word die VERTELLER voorgestel met armgebare en triomfantelik, want die VERTELLER is op stuk van sake die belangrikste speler. ^{al die spelers erken nou die orkes.}

[Die woorde van "Moet nie na sonde soek nie" verskyn

[En ook haar dwergies is glo gaaf —
 [soos Disneyfilms getig staaf.

28
leesbaar groot op 'n perkamentrol wat deur die ENGEL
vasgehou word. (SNEEKWITJIE het intussen vlerke byge-
kry, maar haar borste het sy behou.) Die gehoor word

aangemoedig om ^{saam} te sing:

- [Moet nie na sonde soek nie
- [om elke hoek en draai:
- [jy kan daarmee die verdelheid
- [wat lewe is, verrai.

- [Moet nie na sonde soek nie -
- [dis blêddie negatief:
- [geniet wat te geniet val
- [en neem die res vir lief.

As die atmosfeer daema is, kan die spelers en die gehoor
dans terwyl daar gesing word.

EINDE



YDELHEID

Albrecht Dürer 1493 "The Lady who loves jewelry"
 uit Der Ritter vom Turn von den Exempeln der
Gotsforcht und Eberkeit Bayerische Staatsbibliothek,

München

Opgeheim in Dürer: The complete engravings,
etchings and woodcuts

Wellfleet Press
 110 Enterprise Avenue
 Secaucus
 New Jersey 07094